

SOUTH AFRICA / JUDGMENT

Crots v Crots and Others; In re: Crots v Crots (1816/2015) [2015] ZAFSHC 201 (22 October 2015) [2015] ZAFSHC 201

COURT

Free State High Court, Bloemfontein

BEFORE

Kruger, R

CASE / FILE NUMBER

1816/2015

Source: saflii.org · Research copy typeset by Esheria. Not court-issued or certified.

VRYSTAATSE HOË HOF, BLOEMFONTEIN

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Saaknommer: 1816/2015

In die saak tussen:-

INRI CROTS

Applikante

en

PIETER FREIDRICH GERHARDUS CROTS

1ste Respondent

HEIDI SUSAN DU PLOOY

2de Respondent

FIRSTRAND BANK LTD

3de Respondent

REGISTER OF DEEDS, BLOEMFONTEIN

4de Respondent

IN RE:-

INRI CROTS

Eiseres

PIETER FREIDRICH GERHARDUS CROTS

Verweerder

AANGEHOOR OP: 15 OKTOBER 2015

CORAM:

KRUGER, R

GELEWER OP:

22 OKTOBER 2015

- [1] Die applikant vra dat die tweede tot vierde respondente gevoeg word in haar aksie teen die eerste respondent. Die aksie spruit uit 'n hofbevel wat op 28 Oktober 2014 in 'n egskeidingsaksie tussen die applikant en die eerste respondent gemaak is, in terme waarvan die eerste respondent gelas is om 40% van die waarde van sy bates soos op 9 Desember 2011 aan die applikant oor te dra.
- [2] Die tweede respondent is Me Du Plooy, die dogter van die applikant en die eerste respondent. Die derde respondent is Firstrand Bank Beperk, wat gevoeg word as verbandhouer oor sekere eiendom. Die vierde respondent is die Registrateur van Aktes. Die derde en vierde respondente opponeer nie die aansoek nie. Die eerste en tweede respondent opponeer wel die aansoek.
- [3] Voeging word behandel in Eenvormig Hofrêel
10. Voeging sal gelas word waar die party 'n direkte en wesenlike belang in die kwessies wat geopper word het, en waar daardie party se regte deur die beslissing van die hof geraak kan word. Die hof se diskresie word uitgeoefen in ooreenstemming met die vereistes van gerief en goeie oordeel (*Marais and Others v Pongola Sugar Milling Co Ltd and Others* 1961 (2) SA 698 (N) te 702F-G).
- [3] Die rede vir die voegingsaansoek is dat die eerste respondent sy boerdery aan sy dogter, die tweede respondent, verkoop het. Die koopsom was R4 miljoen, waarvan die eerste respondent nog net R400 000 betaal het. Die applikant voer aan dat die waarde van die bates R5.7 miljoen is en dat daar bedrieglike samespanning tussen die eerste en tweede respondente was, en sy wil daardie transaksie ter syde laat stel.
- [4] In die antwoordende eedsverklaring sê die eerste respondent dat hy nooit die bedoeling gehad het om die applikant te bedrieg nie. Hy verwys na 'n borgstelling wat die tweede respondent aanbied ingevolge waarvan sy onderneem om applikant se eis te betaal. Die eerste respondent sê dat die grond inderwaarheid reeds in September 2011 aan die tweede respondent verkoop is. Hieruit kry mens die indruk dat hy beweer dat die grond op 9 Desember 2011 nie meer deel van sy boedel gevorm het nie. Dit is wat die applikant wil hê in

die huidige aksie bereg moet word.

- [5] In sy betoog het Mnr Snellenburg, vir die eerste en tweede respondente gesê dat die kontrak ingevolge waarvan die eerste repondent se besigheid en bates aan tweede respondent verkoop is, eers na 28 Oktober aangegaan is. Hy sê applikant se waardeerder se getuienis is aan twyfel onderhewig.
- [6] Mnr Pienaar, vir die applikant, doen aan die hand dat die borgskap van die tweede respondent haar 'n noodsaaklike party voor die hof maak. Hy voer aan dat dit noodsaaklik, gerieflik en billik sal wees as die tweede en ander respondente gevoeg word, en dat dit koste sal bespaar. Op hierdie stadium kyk die hof na die bewerings van samespanning wat gemaak word, soos wat op die stadium van summiere vonnis gedoen word. Die hof gaan nie op die meriete in nie.
- [7] Die regte van die tweede respondent word geraak deur die kwessie wat die applikant wil laat bereg, naamlik die tersydestelling van die verkoop van bates aan haar deur die applikant. Die tweede respondent is 'n noodsaaklike party tot die hoofgeding. Ook uit hoofde van haar borgstelling is dit noodsaaklik dat die tweede respondent 'n party tot die geding is, want die hof sal in die hoofgeding moontlik bevele in verband met die borgstelling maak.
- [7] Die applikant het 'n behoorlike saak uitgemaak vir die voeging en die wysiging wat beoog word.

BEVEL

1. Die Tweede, Derde en Vierde Respondente word as Tweede, Derde en Vierde Verweerders tot die aksie ingestel deur die Applikant onder saak 5225/2005 bygevoeg.
2. Die applikant word gemagtig om binne 15 dae na verlening van hierdie bevel, afskrifte van alle pleitstukke geliasseer in die hoofgeding asook 'n kennisgewing van wysiging ooreenkomstig Eenvormige Hofrêel 28 ten aansien van die applikante se Besonderhede van Vordering aan die respondente te beteken.
3. Koste van hierdie aansoek staan oor vir beregting in die hoofaksie.

A. KRUGER, R

Namens Applikante:

Adv CD Pienaar

In opdrag van:

Phatsoane Henny

BLOEMFONTEIN

Namens 1ste en 2de Respondente: Adv N Snellenburg SC

Blair Prokureurs

Namens 3de en 4de Respondente: Geen verskyning

/wm

Source & reproduction note

Judgment wording, source notices and original paragraph numbers are retained. Esheria supplies the layout and this PDF's page numbers; these are not the source pagination. This is a research copy, not an official or certified court document. Check quotations, citations and publication restrictions against the original source before relying on it.

ORIGINAL SOURCE <https://www.saflii.org/za/cases/ZAFSHC/2015/201.html>

CASE PAGE <https://chat.esheria.ai/case-law/south-africa/crots-v-crots-and-others-unknown-topic-afshc-2015>

Prepared on 12 October 2026 · Esheria